

By Collective kan jy ontwerp- en dekoritems van vuurwarm Suid-Afrikaanse name kry, soos dié brille van Retrospecs.

# Anders as al die res




Collective is 'n ontwerp-en-dekor-mark wat dié Sondag vir die tweede keer in Johannesburg plaasvind. Daar sal jy produkte kry wat nêrens anders te vinde is nie.

**Dié Sondag kan ontwerpliefhebbers en modekenners na hartelus by die tweede ronde van die unieke pop-up-mark Collective in Kramerville, Johannesburg, koop en kuier. Rochélle Human het met Catherine Corry, die meesterbrein agter dié onderneming, gesels.**

**Waar het die idee vir Collective vandaan gekom?**
"Ná 'n jaar waarin ek die Neighbourgoods-mark in Johannesburg bestuur het, het ek besluit ek wil iets doen wat nog nie bestaan nie.

"Eerstens het ek gedink: Daar is niemand wat net op ontwerp fokus nie en dit lyk asof daar 'n groot vraag daarna is. Daar is ook baie ontwerpers wat pragtige klere maak, maar nie hul eie winkelspasie kan bekostig nie. Hulle het 'n omgewing nodig waar hulle met die publiek kan skakel.

"Om dit weekliks te doen is egter nie ideaal nie, want dit raak vervelig om elke week na dieselfde ding toe te gaan. Hoekom nie iets skep wat 'n begeerlike gebeurtenis is nie, iets waarna mense kan uitsien?

"Een keer 'n maand weet die kliënt daar is 'n groot mark waarheen hulle kan gaan, met die waarborg daar sal iets nommerpas vir hulle te koop wees.



Catherine Corry (regs), die stigter van Collective, by dié mark se debuut in Desember verlede jaar, saam met die modeblogger Vie Arem en haar seuntjie, Amani.

"Daar kan hulle klere vir hulself koop wat hul vriende nie sal hê nie, want dis nie oral beskikbaar nie. Dis 'n soort niche-mark met pragtige items."


**Wat was vir jou die hoogtepunt van die vorige mark?**
"Ek was nogal oorweldig deur die hoeveelheid blootstelling wat ons gekry het en hoe opgewonde mense was.

"Dit was 'n persoonlike prestasie om dit op my eie te kon doen. Die mense wat deur die deur gekom het, het dit vir my 'n sukses gemaak.

"Die handelaars was ook baie gelukkig. Dít is wat dit suksesvol gemaak het – dat almal van hulle versamelings verkoop het."

**Wat kan ons van Collective 2.0 verwag?**
"Plaaslike en *vintage*-klere, juwele, bykomstighede en huisware soos kussings en keramiek, waaronder Suzanne Heynes-meubels, Super-sonbrille en Margot Molyneux-ontwerpe.

## Waar?




**Leergordels van Galago**

Belangstellendes kan die nuus en verwikkelinge op Collective se Facebook-blad en amptelike webtuiste by www.collective-jhb.com volg.

Collective 2.0 is Sondag 3 Februarie van 10:00 tot 16:00 in Desmondstraat 3 in Kramerville, Johannesburg.

"Ons het sowat 100 aansoeke gekry, maar het net plek vir 40 handelaars. Die mense wat ons dus gekies het, het wonderlike produkte.

"Dis 'n baie eksklusiewe kombinasie van 'n verskeidenheid produkte wat met groot sorg gekies is.

"Daar is elke keer 'n ander kosverkoper en die gebou is werklik mooi – dit kyk uit oor die hele blaredak van Sandton.

"Dis 'n ander soort uitsig, nie 'n middestad-prentjie nie, maar 'n pragtige uitsig van die woonbuurte wat ek dink min mense in Johannesburg kans kry om te sien."

**Wat is die resep vir 'n wonderlike mark?**
"Die atmosfeer van die mark moet mense laat voel hulle is by iets moois en anders. Hulle moet esteties daarby aanklank vind – die regte musiek, die regte kos, die regte beligting.

"Jy moet natuurlik die regte mark ook teiken. Collective is nie 'n tradisionele vlooimarkomgewing nie. Dis 'n gesofistikeerde, eksklusiewe, pragtige inkopie-belewenis.

# Laat crinum met rus vir beste blomme

**Vra vir Ernst**
Ernst van Jaarsveld



**Willem Froneman skryf uit Nelspruit in die Laeveld:** "Ernst, ek stuur jou 'n paar foto's van 'n aalwyn wat in die Krugerwildtuin se kampe aangeplant is. Hulle wil dit uithaal, want dit kom nie natuurlik daar voor nie. Miskien kan jy my help met 'n naam."

**Antwoord:** Willem dit is *Aloe camperi* vanuit Etiopië. Dit word oral in ons land aangeplant en is 'n mooi Afrika-soort met sy spikkelblare en mooi rooi blomme. Maar jy is reg, dis nie inheems in die Krugerwildtuin nie. Hierdie plant maak baie uitlopers aan sy basis; daarom dat dit so maklik vermeerder en dikwels gebruik word. Ek kan verstaan hoekom die Parkeraad eerder plaaslik inheemse plante wil vertoon by die ruskampe. Daar het onlangs 'n boek, *Aloes: The Definitive Guide*, deur Susan Carter, John Lavranos, Len Newton en Clive Walker (Kew Publising, 2011) verskyn oor al die wêreld se aalwynspesies.



Willem Froneman het dié foto ingestuur van die *Aloe camperi*, wat baie in Suid-Afrika verbou word, maar eintlik uit Etiopië kom.

**Willy Wenzel skryf:** "Ek besit drie *Crinum*-spesies. Ek het geboer waar die Mooirivier in die Vaalrivier vloei. Daar het ek 'n mooi lelie ontdek en ná aftrede een plant saamgeneem Potchefstroom toe.

"Dit blom meestal in Oktober. Dit is semi-bladwisselend – die onderste (lang) blare is effens gegolf en vrek in die winter.

"Die blare het ook 'n grys waslaag. Die bloeisteel verskyn langs die hoofplant. Blomme is effe wit met donkerrooi in die middel van die blomblaar. Die blom word later oranje. My ander *Crinum* het ek van my buurvrou in Potch gekry.

"Sy het dit 'n mielielelie genoem. Dit het altyd begin Januarie geblom. Die blomblare was spierwit. Te pragtig!

"Van 'n vriend in Potch het ek 'n ander een gekry. Dit groei baie weelderig met regop blare en pienk blomme.

"Dit sou gaaf wees om te weet met watter spesies ek te doene het. Ek verneem op die internet dat een "*C. moorei* (hexaploïde)" genoem word. As jy met bogenoemde identifikasie saamstem, wat is die basis-chromosoomgetal? Ook van die clivia?

**Antwoord:** Willy, die rivierlelies (*Crinum* spp.) begin blom gedurende die somer en is almal baie mooi met groot klokvormige, ligkleurige blomme.

Daar is meer as 100 soorte wat wydverspreid in Afrika en elders voorkom.

Dié plant aard goed in tuine, mits dit met rus gelaat word nadat dit geplant is. Dan blom dit op die beste. Die vrug is vlesig en moet vars gesaai word. Stuur gerus foto's, dan behoort ek makliker die plante te identifiseer.

Jou lelie wat van die rivier-gebied afkomstig is, heet die vaalrivierlelie (*C. bulbispermum*).

Dit groei baie maklik, maar die enigste probleem is dat dit stadige groeiers is en taamlik lank neem as dit vanaf saad gekweek word.

Die boscrinum (*C. moorei*) is 'n vinnige groeier, maar verkies skadu. Dit kom voor in die inheemse woude van die Oos-Kaap.

Dit het groot, klokvormige wit tot pienk blomme en aard goed in skaduryke tuine.

Die chromosoomgetal van *Crinum* is 2n=22 maar vir *C. moorei* is dit 2n=44. Daar is ook 'n rivierleliesoort wat in damme groei, die vleilelie (*C. campanulatum*).

Dit het aantreklike pienk tot wit blomme en aard goed in visdamme. Dit kom vanuit die Oos-Kaap. Aantreklike soorte sluit in die rivierlelie (*C. macowanii*), die graslelie (*C. graminicola*) en *C. nerinoides* en die vaalrivierlelie (*C. bulbispermum*).

Daar is 'n roggeveldlelie (*C. variabile*) wat ook in water groei. Die boslelie (*Clivia miniata*) se chromosoomgetal is 2n=22).

■ **Stuur jou tuinvrae aan Ernst van Jaarsveld by Vra vir Ernst, Naweek, Posbus 692, Kaapstad, 8000. Stuur fakse na ☎ 021 797 6570 en e-pos na ernstvj@mweb.co.za.**

SPESIALE AANBOD

Teken nóú in om Rapport digitaal te ontvang en kry
25% afslag
op jou subskripsie!



| Termyn | Tarief | Verhaling |
| --- | --- | --- |
| Maandelikse debietorder | R48,75 | Maandeliks |
| 3 maande | R146,25 | Eenmalig - vooruitbetaling |
| 6 maande | R292,50 | Eenmalig - vooruitbetaling |
| 12 maande | R585,00 | Eenmalig - vooruitbetaling |

Teken aanlyn in by www.mysubs.co.za
Kliek op *"newspapers"* en volg instruksies.

Ontvang jóú koerant in die gerief van jou huis.

Rapport

15-17 FEB 2013
GALLAGHER CONVENTION CENTRE
Richardsrylaan 19, Midrand
GPS-koördinate: Suid 26° 00.065'
Oos 28° 07.908'

KARAVANE, ONTSPANNING, BYBEHORE, VAKANSIES
VAKANSIESKOU Beeld HOLIDAY SHOW
CARAVANS, LEISURE, ACCESSORIES, HOLIDAYS

ALL THINGS BIKE
www.allthingsbike.co.za

KOM BESOEK *BEELD* VAKANSIESKOU EN ALL THINGS BIKE WAAR JY GROOT PRYSE KAN WEN.

WEN 'N HONDA 2013 NC700X MOTORFIETS ASOOK EEN VAN 5 X R5 000-GESKENKBEWYSE VAN OUTDOOR WAREHOUSE OF EEN VAN 5 x R3 000-GESKENKBEWYSE VAN FOREVER RESORTS, LODGES, HOTELS EN RETREATS.



volg ons op twitter
@beeldshow

Wen R10 000 se reisspryse van Mabalingwe deur ons op Twitter te volg. Sien web vir besonderhede.

HONDA Kyalami
cayenne Live. Ride. Dream.
FOREVER
OUTDOOR WAREHOUSE
MABALINGWE

www.vakansieskou.co.za
Tel: 083 488 8986
E-pos: info@vakansieskou.co.za

www.allthingsbike.co.za
Tel: 011 266 3000
E-pos: allthingsbike@gallagher.co.za

## Kennisgewing van Omgewingsimpakstudie ter ondersteuning van 'n Aansoek vir 'n Afvalbestuurslisensie, Komati Kragstasie

Eskom Holdings SOC Bpk het die Komati Kragstasie in Mpumalanga Provinsie heropen. Die kragstasie kan tot 970 MW elektrisiteit produseer. Die verbranding van steenkool by kragstasies produseer as wat weggedoen moet word. By Komati Kragstasie word 'n nat-as stelsel gebruik en die as word weggedoen in die vorm van slyk in spesiaal ontwerpte as-stortingsfasiliteite. Die bestaande as-stortingsfasiliteite by Komati het nie voldoende kapasiteit vir die beplande lewestydperk van die stasie nie en was dit dus nodig om 'n addisionele as-stortingsfasiliteit te ontwikkel.

Eskom het Asdam Uitbreiding 3 identifiseer as 'n lewensvatbare oplossing om die nodige stortingskapasiteit te voorsien tot aan die einde van die lewenstydperk van die kragstasie. In Augustus 2008 is Eskom 'n positiewe Rekord van Besluit (RvB) toegestaan vir die konstruksie en bedryf van Asdam Uitbreiding 3 in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, No 107 van 1998 (NEMA) en die 2006 EIA-regulasies. Asdam Uitbreiding 3 is gebou tussen Februarie 2009 en November 2010. Storting in die asdam het nog nie begin nie.

In Julie 2009 is die Nasionale Omgewingsbestuur: Afval Wet, No 59 van 2008 (NEMWA) verorden. Die NEMWA het nuwe wetlike vereistes vir vullisverwydering bekendgestel, insluitend die as wat geproduseer word deur die opwekking van elektrisiteit. Die wegdoening van afval vereis 'n afvalbestuurslisensie in terme van die NEMWA (GNR 718, 3 Julie 2009). Die Departement van Omgewingsake het Eskom ge-adviseer dat 'n afvalbestuurslisensie nodig is vir die werking van Asdam Uitbreiding 3 siende dat die fasiliteit nog nie operasioneel was gedurende die tyd dat die NEMWA verorden is nie.

Eskom het 'n aansoek ingedien vir 'n afvalbestuurslisensie (Verw: 12/9/11/L1010/6) aan die Departement van Omgewingsake. 'n Konsep en Omgewingsimpakstudie proses, soos gestipuleer in die EIA Regulasies (GNR 543, 18 Junie 2010) uitgevaardig kragtens Artikel 24 (5) van die NEMA word vereis om die aansoek te ondersteun. Synergistics Environmental Services (Edms) Bpk is aangestel as die onafhanklike omgewingskonsultante en sal die nodige werk onderneem ter ondersteuning van die afvalbestuurslisensie in terme van die NEMWA.

Eskom het aansoek gedoen by die Departement van Omgewingsake vir vrystelling van sekere bepalings van die 2010 EIA regulasies gebaseer op die feit dat Asdam Uitbreiding 3 reeds voorheen onderwerp is aan 'n Konsep en EIA proses, dat 'n positiewe RvB verkry is en dat die stortingsfasiliteit reeds gebou is. Op 23 Januarie 2013 het die Departement vir Eskom vrygestel van die Konsep proses en 'n verkorte openbare kommentaarperiode is goedgekeur. Belanghebbende en geaffekteerde partye word hiermee in kennis gestel dat 'n Konsepsverslag nie geproduseer sal word nie. 'n Opgedateerde Omgewingsimpakstudie verslag sal aan belanghebbende en geaffekteerde partye beskikbaar gemaak word vir 'n kommentaar vanaf 25 Februarie 2013 tot 15 Maart 2013.

Om verdere inligting oor die projek te ontvang moet u registreer as 'n belanghebbende en geaffekteerde party. Om dit te doen, of om enige bekommernisse met betrekking tot die omgewing uit te lig, kontak asseblief vir: **Matthew Hemming van Synergistics Environmental Services:**

Tel: (011) 326 4158 Faks: (011) 326 4118
Pos: Posbus 68221, Bryanston, 2021 Epos: matthew@synergistics.co.za

**Regeer asb. op die advertensie voor of op 22 February 2013**